

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 49.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

6 Desember 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENSTE VANDAG: Dr Petrus Venter

Eerste diens: 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Efesiërs 5:21 - 33

Teks: **Efesiërs 5:21, 32-33**

Sing- INTROÏTUS: Ps. 18: 1, 14

TYDENS EREDIENS: Ps. 68: 3; Ps. 19: 5,6;

Ps. 118: 10; Ps. 128: 1,2,4

DIE DIEP GEHEIMENIS OM VROU VIR JOU MAN TE WEES EN MAN VIR JOU VROU TE WEES

- Vrouens, wees aan julle mans onderdanig
- Man, jy moet waarlik vir jou vrou lief wees
- Hierdie besondere verhouding stel Christus en sy Kerk voor

LEERPREDIKING VANAAND (18h00)

Regstreekse internet-uitsending

Ons sal die Leerprediking DV in 2021 weer vanuit die pastorie hervat.

Ons het gevorder tot by Sondag 22.

Voorsang

Ps 18 : 1, 14

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps. 68:3

Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels)

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Eksodus 20

Sing: Ps.19: 5, 6

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 118:10

Skriflesing: Efesiërs 5: 21 – 33 (N.A.V.)

Teks: Efesiërs 5: 21, 32 – 33

Preektema

DIE DIEP GEHEIMENIS OM VROU VIR JOU MAN TE WEES EN MAN VIR JOU VROU TE WEES

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Bediening vir Postmasburg

Sing: Ps. 128: 1,2,4

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 6 Desember 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening vir Postmasburg**

Sondag: 13 Desember 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening vir Postmasburg**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag – 6 Desember 2020: Wyk 3

- **Ouderling:** Br. Rassie Erasmus

- **Diaken:** Br Viljoen v/d Walt

- **Wyksusters:** Sr. Lientjie v/d Walt

Volgende week – 13 Desember 2020: Wyk 4

- **Ouderling:** Vakant

- **Diaken:** Br. Ferdie Nel

- **Wyksusters:**

MEELEWING

- Oudl. Wolfie Reinecke se operasie het goed afgeloop. Ons bid hom volkome herstel toe en dat hy in alle opsigte van die erge pyn wat daar was, verlos mag wees.

VERJAARSDAE

Saterdag 5 Des Estea du Plessis, Kobie Reinecke

Vandag 6 Des Miné Boshoff

Dinsdag 15 Des Daleen Erasmus

Vrydag 18 Des Willem Snyman

Sondag 20 Des Maryna v/d Merwe

Sondag 27 Des Anna-Marie v/d Vyver

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Gemiddelde bydrae per bydraende eenheid per maand	R663.00
Persentasie bydraende eenhede per maand	67%
Werklike inkomste	R687 956.00
Werklike uitgawes	R732 902.00
Tekort	R-44 946.00
Ramings per lidmaat per jaar	R543.29
Kermis tot op datum	R133 311.00
Steak etes tot op datum	R10 955.00

Finansiële inligting 1 Maart 2020 tot en met 31 Oktober 2020. Vir enige navrae kontak Finansiële kommissie. Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

NUWE ADMIN.-BEAMPTE

Sr Koos Fick is tot 7 Desember nog in diens van kerk. Kerkraad het op laaste vergadering besluit dat aansoeke vir hierdie pos ingewag word. Belangstellendes kan dr. Venter kontak (0847042348 / ds@gksa-postmasburg.co.za) as u meer inligting verlang en ook moontlik vir die pos aansoek wil doen. Verdere onderhoude sal dan ook gereël kan word. Ons vertrou om dit voor middel-Desember af te handel.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese ... Hervat DV weer in 2021. Dr. Venter sal poog die Laerskool kategese in die oggende dan na ons erediens aan te bied.

Hoërskool – kategese is die laaste les vir die jaar elektronies opgeneem en op die Hoërskool -kategese WhatsApp groep deurgegee. Ons het 20 lesse op die wyse kon afhandel. Ons vertrou dat die katkisante wat nie altyd kon byhou en wie se kategese nie op datum is nie wel in die tyd wat voorlê kan inhaal. Mag ons volgende jaar weer almal op datum wees?

DORKAS- SUSTERS

Elke suster word vir haar nougesette betrokkenheid en hulp in hierdie afgelope jaar wat 'n vreemde jaar was, bedank. Sonder soveel susters se hulp sou daar nie gedoen kon word wat wel die afgelope jaar as 'n jaar van "geseënde onrus" wel kon plaasvind nie.

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook in die tyd 'n groot bydrae tot HJV kon maak.

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. **Ons het die jaar deur die boek Rut kon werk, ons het die verskillende bedieninge van die Here se verbond hanteer en is daar ook alreeds gekyk na 14 gebede vanuit die Here se Woord. Ons vertrou om die reeks rondom die gebede ook volgende jaar voort te sit ...**

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za> .

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

KERKKANTOOR

Die Kerkkantoor is nog weksdae oop tot die 7de Desember. As daar verandering van tye plaasvind sal ons dit met ons WhatsApp groep aan u deurgee.

Sien vroeëre kennisgewing in die blad met die opskrif NUWE ADMIN.-BEAMPTE

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV 24 Februarie 2021 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae (9h00-13h00)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STASTISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Bydrae: Teologiese Studentekas	R 497
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 972

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za